# NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

**Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

- **Kampterreine:**
  **Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
  **Magaliesberg** : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.
- Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

**07 Junie 2024:** **Nr 19/2024**

## Warmnuus




### ‘n Laaste kans!

**Inskrywings vir Survivorkamp sluit 7 Junie!**

Vir **Graad 8 – 10** van *17-21 Junie* 2024 by Badseloop.
Inskrywingsvorms: Graad 8’s – 10’s: Kliek hier / Personeel**:** Kliek hier.
Navrae: Anita Hurn (Whatsapp 083 297 5471 / epos hurnanita@gmail.com.)

## Sinodenuus

### Die winter is hier...




Die CMR het vanjaar ’n baie belangrike winterprojek. Gemeentes word aangemoedig om moeite te doen om hierdie projek te ondersteun. Dit sal baie help as bydraes die CMR so gou moontlik kan bereik.
**Kontak** Carina Erlank: dvosadmin@cmrn.co.za / 065 855 8789.

### Vervoer van argiefmateriaal



Argiefmateriaal van gemeentes, ringe en die sinode word by die *Argief in Stellenbosch* (foto) gestoor. Ringe en gemeentes is self verantwoordelik daarvoor om die materiaal op hulle eie koste na die Argief te stuur.

Om koste te bespaar hoor ons graag of daar ’n vervoermaatskappy of koerierdiens is wat teen ’n billike koste hiermee behulpsaam kan wees. Kontak Rehan Rheeder by 083 288 7756 / rehan@noordsin.co.za.

### Taakspanne aan die werk



Die Taakspan Leraarontwikkeling o.l.v. Roelf Opperman, is tans in ’n intensiewe proses om die vorige program te herontwerp. Tydens ’n onlangse werkswinkel het twee van die fasiliteerders, Simon van den Heever (regs) en Hannes Bezuidenhout, ’n rollespel gedoen. Die taakspan word bygestaan deur Leon Venter, voormalige hoof van Bybel-Media. Daar is tans 30 taakspanne aan die werk. Soos wat taakspanne hulle werk voltooi, lewer hulle tydens vergaderings verslag aan die SDR (Sinodale Diensraad).

# Kolleganuus





## ❖ Meegevoel

### CMR Noord

Die maatskaplike werker van Lotus Gardens, **Eulelia Mahanyele** is op *31 Mei* in 'n motorongeluk oorlede.

## ❖ Bewegings



<<< **Willem Boshoff** [Queenswood] is na Orania beroep.



>>> **André Botha** [Naboomspruit] skuif na Bethlehem-Oos. Sy afskeid vind op *9 Junie* plaas.



<<< **Brits Janse van Rensburg** [Harare] is na Vredenburg beroep en hy het die beroep aanvaar.



>>> **Natalie van Blerk** [Mootvallei] skuif na Waverley. Sy word op *9 Junie* bevestig.

## ❖ Verjaarsdagwense

11/06 Willie Botha (Emeritus); Hennie Pieterse (Emeritus).
12/06 Francois Esterhuizen (Raslouw); Hein Wiegand (Capital Park-Concordia); Dirk van der Merwe (Emeritus).
13/06 Johan Jooste (Emeritus); Gerrit Cloete (Emeritus).
14/06 Willus Knipe (Emeritus); Pieter de Wet (Emeritus).
15/06 Bertus Badenhorst (Emeritus).
17/06 Johan Olivier (Emeritus).

-------------------------------------------------------------------------------

12/06 Ilindi Rotteveel (Eggenote van Dawie, Pretoria-Tuine)
14/06 Debbie Erasmus (Eggenote van Jacques, Hulp en Hoop).
15/06 Edith Myburgh (Eggenote van Kobus, Kuratorium UP).




# Gemeentenuus

## ❖ Verjaarsdae

**Waterberg** [Gestig *14/06/1860*] >>>

**Waterkloofrif** [Gestig *11/06/1984*]

## ❖ Basaars en ander geleenthede

### Monumentpark

**Wild & Wakkerfees:** *27 Julie*
Deli, potjiekos, hamburgers, prego's sosaties, pannekoek, teetuin, stalletjies, uitstallings en vele meer.

# Toerusting

## ❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

**Program vir 2024**: Kliek hier.

**Lentekonferensie 2024**: *17-19 September* by Universiteit van Pretoria. Dagboek hierdie datum asseblief.

**Brugbediening en Gemeentediagnosewerkswinkel**
* Brugbediening (Week 1 - *29 Julie tot 1 Augustus*; Week 2 - *11-14 November*) – Kliek hier.
* Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose *(29 - 31 Julie*) – Kliek hier.

# Ander nuus

❖ **Christelike Lektuurfonds (CLF):**

**Ekoteologie in 'n Afrika-konteks**

CLF (in samewerking met Clairvaux Skrywershuis en NetACT) beplan 'n boekprojek wat fokus op ekoteologie vanuit 'n Afrika-perspektief. Hulle nooi gemeentes en organisasies, asook individue uit ander dissiplines, om hul stories en/of navorsing te deel. Kliek hier.

❖ **Vakatures**

**Kerkbode:** Kliek hier.

**Nylstroom-Oos: Voltydse medeleraar**

Geleë in 'n "middel-grootte" plattelandse dorp (Nylstroom/Modimolle) in Limpop, ongeveer 130 km noord van Pretoria. Die dorp bied goeie koopgerief aan inwoners en het twee redelik groot winkelsentrums asook goeie skole. Kliek hier om verder te lees.

**Raslouw: Voltydse medeleraar**

'n Voorstedelike gemeente in die suid-westelike deel van Centurion met ongeveer 1 650 lidmate (belydend en doop) en ongeveer 775 besoekpunte. Kliek hier vir die advertensie. **Sluitingsdatum**: *28 Junie*.

**Hoof: Kerklike Opleiding UP**

Die Kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding en eksaminering van Teologiese studente. Die Hoof: Kerklike Opleiding gee uitvoering daaraan. Kliek hier vir volledige inligting.
**Diensaanvaarding:** 1 September 2024. **Sluitingsdatum:** *21 Junie*.

# Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente van die Noordelike Sinode wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za]. Kliek hier vir die name van persone wat reeds gereageer het.

# Naskrif

**Prof. Jürgen Moltmann,**
**die mees gelese Christelike Teoloog**
**in die era na die Tweede Wêreldoorlog,**
**is onlangs in die ouderdom van 98**
**in Tübingen, Duitsland, oorlede.**
**Ronell Bezuidenhout,**
**skrywer en predikant in die Suid-Kaap, skryf oor hom:**
***Moltmann sal onthou word as die***
***"Teoloog van Hoop".***
***Hy het gesê dat die Christen se hoop***
***nie 'n belofte van***
***"nog meer suksesvolle dae aan die rykes en die sterkes"***
***is nie,***
***maar dit bied***
***"opstanding en lewe***
***aan diegene wat in die skaduwees van die dood***
***moet bestaan".***